# *Sommer net …*



## *BROOD en brood*

***Gee julle vir hulle brood…***

Die ander geval wat ’n onvergeetlike indruk op ons gemaak het, was toe Sasha ons na die armste van armes geneem het. Nog nooit iets dergelyks beleef nie. Glo nie daar bestaan baie sulke huise in ons plakkerskampe nie. ’n Alleenlopende, bejaarde weduwee in ’n eenvertrek-grasdakhouthuisie. Die dak had ’n gat waardeur ’n kameelperd met gemak sy kop kon deursteek, reg bokant haar ysterkateltjie, sonder matras. Sneeu in die winter, reën in die somer, koue en nog reën in die lente en herfs, was haar voorland. Daarby had sy absoluut niks om van te leef nie. Voor haar kateltjie is daar al ’n gat in die grondvloer van al die water en sneeu wat van die dak af kom. Pleks van ’n matras, is daar net ’n spul vuil lappe op die bed – kombers en matras tegelyk.

Aan die toestande in die ouetehuis kon ons niks verander nie, behalwe bid. Gelukkig kon ons by Sasha iets laat om vir die ongelukkige weduwee vir ’n jaar lank die aller-noodsaaklikste kos mee te koop. Haar enigste seun het sommer net een nag weggeloop. Kon die situasie nie langer hanteer nie. (Moontlik ook net een van die vele dronkaards wat later in die bos dood is.) Dus het sy geen sorg gehad nie. Niemand om water aan te dra, niemand om die lekkende dak heel te maak, niemand om iets te verdien nie, niemand om eers kos êrens te gaan bedel nie.

’n Paar jaar lank was ons in staat om haar deur middel van Sasha aan die lewe te hou. Tydens een besoek het Sasha ons meegedeel dat sy die vorige winter nie oorleef het nie. Op een goeie dag, na die sneeu gesmelt het, vind hulle haar lyk in die bos.

Sy het geweier om ontvanklik te wees vir die Woord. In Sasha se eie woorde: *Hoe kan sy glo in Jesus as die BROOD van die lewe as sy nie brood het om te eet nie? Hoe kan sy glo in Hom as die LEWENDE WATER as sy nie water het om te drink nie?*

***Uittreksel uit die boek, "Spore van Genade" deur Pieter Prinsloo.***
***Hierdie boek vertel die ervarings van twee sendelinge wat in Rusland gewerk het.***